



## TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

# Bergpas af, heelpad sonder brieke!

Hoofstuk I, Deel V

**D**aar is so baie wat mens kan vertel oor ons ses jaar in Lesotho dat dit amper sy eie ’n boek sal vol maak. Hierdie skrywe gaan egter oor ons ervaringe in die tienstuks lande waar ons al gewoon en werk het die afgelope twintig jaar.

Dus gaan ek maar net plek hê vir so ’n paar insidente van ons tydjie in die *'Koninkryk in die Lug'*, soos Lesotho ook bekend staan in Engels.

Gedurende die aanbou van die hoofroete na Katsedam, en veral by die gedeelte van die Mafikapas, was daar talle ongelukke, meestal met noodlottige gevolge en amper almal weens remme wat onklaar geraak het.

'n Mens leer baie gou dat knaend breek trap net nie werk nie. Jy moet jou spoed met jou ratte beheer en net so nou en dan die brieke so bietjie pomp as jy sien die spulletjie wil begin weghardloop.

So kom ek toe een oggend op ’n ongelukstoneel af pas nadat dit gebeur het. ’n Oop bak lorrie met ’n klomp werkers agterop is oor die rand en die beseerdes en hul besittings het die wêreld gesaai geê teen die helling af. Van dié wat nie te erg seer gekry het nie het die ander opgehelp na die pad toe en gou was my bakkie voor en agter amper oorlaai van bloeiende en kermende manne.

Terwyl ons so bai, besef ek skielik ek weet nie waarheen om hulle te neem nie. Gelukkig stop daar nog ’n oertuig en die man raai my aan om deur te druk na een van die meer gevestigde sendingstasies so tien kilometer verder aan en darem berg af.

Ek was juis erg bekommerd dat ek sou moes omdraai en met die klomp mense terug oor die pas ry, Leribe se kant toe. By die sendingstasie aangekom, moes ek toesien hoe karig ingerig die hospitaaltjie daar maar was. Gelukkig het hulle darem ontsmetmiddels en verbande gehad wat nogal baie gehelp het. Die goeie nuus is dat niemand omgekom het nie.

’n Ander keer weer kry ek een van ons Poolse inspekteurs bo-op die pas toe ek eendag op pad laaglande toe was ná werk. Bogdan se bakkie het sonder petrol gaan staan. ’n Mens los mos nie ’n maatjie daar op die berg nie en gou prakseer ons ’n lang stuk sleeptou deur ons bakkies se trektoue aan mekaar te bind.

“**Ons ry al hoe vinniger terwyl ek al die vloekwoorde in die woordeboek opgebruik en nuwes bylas.**

hakke.

Dit raak ’n woeste jaagtog. As die bakkies so wil wil raak aanmekaar, dan gee ek maar weer bietjie gas en ons ry al hoe vinniger terwyl ek al die vloekwoorde in die woordeboek opgebruik en nuwes bylas.

Nog nooit was ek so vinnig teen daai bergpas af nie. Onder aangekom, klim ek uit en storm op hom af met moord in gedagte. Bogdan kyk my net aan met oë soos pierings en spierwit geskrik.

Later sou ons uitvind dat deesdae se bakkies se remme ondersteun word deur die enjin. Dié moet ten minste luier om dit te kan rem. Is die enjin af, moet jy bleddie hard trap met baie min effek. Die arme vent moes dus amper die stuurwiel gebuig het en die breek deur die vloer probeer trap het soos hy vergeefs probeer het om ankers te gooi! **Word vervol.**

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

**Lees die begin van die storie op [www.onsdorp.com](http://www.onsdorp.com)**

# Om die kampvuur

## Uit Toeka se Tyd



Hy hamer altyd op dieselfde aambeeld, sê ons van iemand wat tot vervelens toe oor dieselfde onderwerp praat.

Dis 'n baie bekende uitdrukking, maar wat se ding is 'n aambeeld nou eintlik?

Ons voorgeslagte sou oor só 'n vraag gelag het, want aambeelde was vir hulle omtrent net so bekend soos die klere aan hul lywe.

Watter stommerik weet dan nie wat 'n aambeeld is nie! sou hulle reken.

Vandag se stedelinge sal egter dikwels museums moet besoek om te leer dat 'n aambeeld 'n swaar ysterblok met 'n horing aan die een end is. Dit is deur smede gebruik om metale op te smee.

### PASOP VIR DIE HOND

Hy eet alles wat ek skiet



## HOERA VIR DIE TAAI!

Party dinge sê net makliker in Afrikaans!

'Attacked for not having a cigarette' is net soveel langer!

Dorpie met die lang naam kom al 'n lang pad



Baardskeerdersbos - 20 km oos van Gansbaai - se naam dateer van 1660, toe Jan van Riebeeck 'n Overberg-ekspedisie uitgestuur het.

Baardscheerders Bosch in die distrik van Bredasdorp het die gehuggie en plaasgrond ingesluit. Die oorspronklike plaas is intussen in verskeie plase, plote en kleinhoues verdeel. Die huidige kerk (foto) is in 1921 gebou en is 'n nasionale monument.

Daar word al meer huise gebou as 'n toevlugsoord vir stedelinge en die Baardskeerdersbos Orkes maak goeie tradisionele boeremusiek.

En die inwoners praat somer van B'Bos.

## Die herkoms van ons gesegdes (33)

**Orig:** Moenie jou orig hou nie (moenie jou met ander se sake bemoei nie) Afgelei van "jou ore oophou" en dus weet wat ander mense doen en jou dan daarby inmeng.

**Padda:** 'n Padda in die keel hê (hees wees)

So 'n paar eeue gelede as iemand hees was, het die mense 'n padda in sy keel gesit.

In Engeland was daar 'n ou geloof dat 'n mens nie stilstaande water moet drink nie; 'n mens sou die paddaeiers daarin insluk. Na verloop van tyd sou die eiers in jou maag uitbroei, en die maklikste ontsnaproete (hoewel nie die enigste nie) was boontoe, deur die keel. Dit was dan die oorsaak van jou heesheid.

Om die infeksie gesond te maak, is daar in die Middeleeue werklik paddas in mense se kele gesit. Daar is geglo dat die fungusse in die keel daardeur vernietig sou word. Die kop van die lewendige padda is in die mond van die sieke geplaas, en as die padda asemhaal, sou hy dan die siekte uitrek.

**Peetje:** Jou peetje af wag (baie lank wag)

Peetje is 'n ou woord vir "oorgrootvader, -moeder". "Moeder" word vervorm tot (die plat vorm) "moer" in al die uitdrukkings waar peetje voorkom; in hierdie geval is dit dus dieselfde as jou moer af wag.

## Twee blondines se hondeskep 'n probleem!



Twee blondines wat 'n woonstel deel het na die skut gegaan en elkeen het 'n hondjie aangeneem. Die vreugde was groot, maar die eerste probleem duik op toe hulle tuis kom:

"Ek dink ons het 'n probleem," sê die een. "Hoe gaan ons die twee hondjies uitmekaar ken?"

Nadat hulle die probleem ure lank heen en weer gerol het, kom die tweede blondine uiteindelik met 'n oplossing.

"Ek het 'n idee! Ons draai 'n rooi lint om my hondjie en 'n blou een om joune!" Die volgende dag bestorm die een die ander toe sy tuis kom.

"Probleem!" skree sy. "Ek weet nie watter hondjie is wie s'n nie! Hulle het so erg gespeel dat hulle die linte verloor het!"

"Goed," sê die ander een, "ons moet 'n beter manier vind om hulle uitmekaar te ken."

Na nog 'n paar uur se intense debat besluit hulle om twee halsbande te koop - een blou en een rooi.

Die volgende dag was die probleem weer met hulle - die hondjies het mekaar se halsbandjies met hul spelery afgepluk.

Hulle het besluit om eers aandete te maak en dan aan die probleem aandag te gee. Net voor hulle gaan slaap - so halftwaalf se koers - kom die een toe met nog 'n oplossing.

"Ek dink ek het die oplossing!" sê sy opgewonde. "Ek dink jy moet die swart hondjie vat, dan vat ek die wittetjie!"

## Die raaisel in die waakeenheid

Daar was 'n yslike probleem in 'n Johannesburgse hospitaal se waakeenheid: Elke Sondagoggend om elfuur het die pasiënt in een besondere bed gesterf, afgesien van hul mediese toestand.

Dit is heeltemal teen alle sterftestatistieke.

Die dokters het erg kop gekrap en daar was selfs sommige wat gedink het die duivel het 'n aandeel in die sterftes - hoekom altyd elfuur, in dieselfde bed?

'n Span kenners is vanoor die wêreld versamel om 'n oplossing te kry en het besluit om die saal te besoek en te kyk wat gebeur.

Die volgende Sondag, net voor elfuur, het al die dokters en verpleegsters gespanne buite die saal gewag om self te sien wat die oorsaak van die fenomeen is.

Party het houtkruise, Bybels, gebedeboeke en ander voorwerpe gehad om al die bose geeste af te skrik.

Net toe slaan die klok elfuur.

Precious Tshabala, 'n deelydse skoonmaker, het ingestap, die lewensondersteuningseenheid se prop uitgetrek, haar stofsuiër gekoppel en begin skoonmaak.

**Ek glo meer mense sou vandag geleef het as die doodstraf toegepas was. – Nancy Reagan**

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## GATIEP SE PROBLEEM

Gatiep sit gesuip langs Meraai se graf en tjank.

Lekker dronkverdrietig sê hy: "Meraai, as d jy net terugkom, hou ek op drink!"

Net toe begin 'n mol 'n hopie op die graf stoot.

Gatiep spring die hopie met albei voete plat en skree:

"Gwaan, Meraai, kan d jy nie 'n joke vattie!?"

## PAPPA SE TRIEKS

Klein seuntjie: "Ek is bly ouma het kom kuier, want nou gaan pappa vir ons sy trieks wys!"

Ouma: "Watter trieks?"

Seun: "Hy het gesê as Ouma weer kom kuier, gaan hy teen die mure uitklim en sy broek vuilmaak!"

## Liewe Lena

As jy aan iemand voorgestel word, is dit oukei om te sê: "Ek het al so baie van jou gehoor?"

Rita

Liewe Rita

Dit hang af wat jy gehoor het.

## DIT KOM NOG!

**Meisie:** "Wanneer ons getroud is, sal ek al jou probleme en bekommernisse met jou deel en jou vraag ligter maak."

**Man:** "Dis baie gaaf van jou, Liefie, maar ek het geen probleme en bekommernisse nie."

**Meisie:** "Ja, maar ons is nog nie getroud nie."

## ENSOVOORTS (Ens.)

'n Afkorting wat gebruik word om mense te laat dink jy weet meer as wat jy weet.

## DIE KLEINTOONTJIE

Spesiaal aangepas om meubels in lae lig op te spoor.



## WIL NIE TROU NIE

Hoekom raak vroue deesdae al hoe onwilliger om te trou?

Omdat hulle eerder spek in die yskas wil hê as 'n vark in die sitkamer.

**Aanvaar dat jy soms die duif is, en ander dae die standbeeld.**

## MINDER MOOI SEGOED

**Georges Clemenceau (1841-1920), Franse staatsman:**

"Amerika is al land in die geskiedenis wat wonderbaarlik reguit van barbarisme tot agteruitgang gegaan het sonder die gewone tussenperiode van beskawing."

**Sir Noel Coward (1899-1973) oor 'n kort mannetjie:**

"Sy probleem is dat hy kort is. Moet nooit iemand met kort bene vertrou nie - sy brein sit te naby aan sy blaker."

## BOT TOE

Koos kom heel romanties by sy vrou en sê: "Jou liggaam is vir my soos 'n tempel."

Sy vrou sê: "Onthou net, daar is nie vanaand 'n diens nie!"

## WARE WOORD

Politici en babadoeke het een ding in gemeen. Albei moet gereeld verwissel word en vir presies dieselfde rede.

**ANDY CAPP** deur Reg Smythe



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



'n Ruwe ou cowboy van Sundance, Wyoming het sy kleindogter raad gegee oor wat sy moet doen as sy 'n lang lewe wil hê.

Die geheim, het hy gesê, is om elke oggend 'n knypie geweerkruit op haar pap te gooi voor sy dit eet.

Die kleindogter het sy raad soos 'n godsdienstritueel gevolg - totdat sy op die ouderdom van 103 jaar oorlede is.

Sy het 14 kinders, 30 kleinkinders, 45 agterkleinkinders en 25 agteragterkleinkinders naggelaat - sowel as 'n 40 voet diep gat waar die krematorium waar sy veras is gewoonlik gestaan het.



**VROU:** "Wat is hierdie ding met mans en 'n vrou se borste?"

**MAN:** "Dis biologies, ons kan dit nie verhelp nie."

**VROU:** "Pla dit julle nooit wanneer hulle duidelik nie eg is nie?"

**MAN:** "Nee. Vader Krismis is ook nie eg nie, maar dit bly lekker om presente oop te maak."



**SJOKOLADE**  
is die Liewe Vader  
se toegif omdat hy  
**BROKKOLI**  
aan ons gegee het.



'n Klein kerkie het 'n baie aantreklike orreliste met groot borste gehad. Hulle was so groot dat hulle gewip en geskud het terwyl sy die orrel speel.

Ongelukkig het dit die gemeente se aandag baie afgelei. Die regte kerdames was ontsteld: Hulle sal iets aan die saak moet doen, of iemand anders kry om die orrel te speel.

Een van die dames het haar baie diskreet genader en haar die raad gegee dat sy groen perssimons moet fynmaak en dit oor haar borste en tepels moet smeer.

Dit sal hulle laat krimp, maar die perssimons is baie suur en sy moenie daaraan lek nie: dit sal jou mond op 'n knoop trek en jy sal 'n ruk lank nie lekker en duidelik kan praat nie.

Die goedbedeelde orrliste het die raad aanvaar en teësinning so gemaak. Die volgende Sondag het die dominee die preekstoel bestyg en gesê:

"Weenth omthondughede buide mui beheur thal daal nie vondog 'n pleukweuth nie."

## DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

'n Sondagskooljuffrou was besig om die verhaal van die barmhartige Samaritaan vir vier- en vyfjariges te vertel. Om hul aandag te behou, doen sy dit met gevoel.

In 'n stadium vra sy: "Wat sal jy doen as jy iemand langs die pad teenkom wat vol wonde lê en bloei?"

Een van die meisietjies verbreek die stilte, en sê:

"Ek dink ek sal kots."

# Duskanlander in Anderkantland

## Dans, lag, drink en sing – ons hou begrafnis!

**DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou, skryf uit Ghana**

**T**wee dinge in die lewe wat 'n definitief is, is belasting sál jy betaal en dood sál jy. Tydens jou besoek of verblyf in Ghana sal jy beslis met 'n begrafnis te doen kry. Dood hierso is gróóft besigheid.

Koerante en nuuslesers en 24-voet advertensieborde lig jou in: Iemand (kleurfoto daarby) het beswyk en die person rus drie maande lank op ys want die begrafnis word beplan.

Hier "pluk hulle die hoender" as dit by begrafnisse kom. Anders as onse mense in die RSA wat sommer so woerts-warts op 'n Donderdagnmiddag onder kluite toegegooi word met 'n handjievol "wat by die werk kon afkry" word begrafnisse nét op Vrydae behartig. Die paartie loop die hele naweek met oop-kroeg-voggies en musiek wat vensters laat vibreer.

As jy berug, vemaam, adellik of stinkryk was, kan die paartie 'n hele week lank sy aanloop vat. Baie beplanning gaan in om T-hemde te druk, foto's en gunsteling musiek op CD's vas te vang. Die enigste verskil tussen troue en begrafnis: By laasgenoemde is één minder dronk.

Die mense is erg bygelowig en die ontlapene kan nie rus totdat hy met trompette en rumoerigheid heengestuurd word nie. Tradisioneel moet jy fyn trap om nie 'n familielid te beledig nie. Swart klere verteenwoordig 'n routydsperk, rooi klere wys die gevaarlike tye en dat jy naby-familie was, en as die oorfedene oor sewentig was jubel hulle oor sy rype ouderdom en dra wit na die paartie.

Jou eer van 'n uitnodiging na so okkasie is iets wat almal trots uitbasuin aan almal wat ore het. Tydens die begrafnis sal jou sosiale status voor honderde in publiek beaam word. Wáár jy sittende geplaas word; waarin jy jouself uitdos; hoeveel jy finansieel bydra; hoe bedroef jy voorkom; hoe hard jy saampaartie . . . als is ewe lewensbelangrik.

Tradisioneel gaan jy tien-teen-een jou lewensmaat daar ontmoet. Die lewe is dan só kort en by 'n begrafnis bedink jy skielik jou eie verganklikheid en kyk jy blinkoog rond. So om-en-by vierhonderd mense wat dit uitkap op die dansvloer teen, sê, US\$ 50 per kop kan 'n aansienlike bedraggie bylas tot die partytjie se begroting. En die mense háál uit en dra by en kuier lekker.

Die Gá-groep vorm trots deel van die twintig miljoen bevolking in Ghana. Hulle is 'n kultuurvaste nasie met 'n diep donker geskiedenis in hulle eie reg. In 1989 in Parys het die Gá's vanuit die Goudkus opslae gemaak met 'n besonderse kunsuitstalling van fantasie houtdoodskiste. Jy kan net nie Akkra besoek sonder om skaamteloos oopbêk te staar na die houtwerkers se skeppings nie.

Sedert die middel veertigs kerf hulle jou status uit en stuur hulle jou na die volgende wêreld in grênd styl. Volgens hulle klomp gelofies oor die nádoed moet die ontlapene sy voorouers beïndruk met die sosiale status van welstand of beroep tydens sy heengaan.

Voorheen was dié eer nét vir hoofmanne, adelikes en kerklike mense. Deesdae práát geld wat stom is. So 'n persoon kry 'n spesiale Mercedes-kis van hout gemaak. 'n Werknemer van die brouerye kry 'n bierbottel, so is daar ook skoene, pynappels, wortels, klaviere, naaimasjiene, vissersbote, hamers, selfone en hoenders.

Dit laat my wonder as hulle nou vir my moes aanstuur...waarin sou ek lê? Partykeer sit ek mense onbewus om my en kyk. In my agterkop pas ek een in 'n rol banknote, een in 'n koekblik, een in 'n TV-afstandbeheer, een in 'n skootrekenaar. My lys pas ek aan na iets wat die siele om my se lewe hier verteenwoordig.



Ghanese met 'n deftige doodskis op pad na 'n begrafnis.

Is daar lewe voor die dood?  
- Graffiti in Belfast



## Waar die wit mense die fout gemaak het

**Die 90-jarige Indiaanse hoofman het besoek van twee van die regering se welsynsamptenare gekry.**

Die een amptenaar sê: "Jy het nou 90 jaar se ondervinding van die wit man. Jy het sy oorloë en tegnologiese vordering gesien. Jy het sy verbeteringe gesien en jy het die skade gesien wat hy aangerig het."

Die hoofman het instemmend geknik.

"As jy nou alles in ag neem, waar - in jou opinie - het die wit mense dinge verkeerde gedoen?"

Die hoofman het 'n minuut lank na die twee amptenare gekyk voor hy geantwoord het:

"Toe wit manne land kry, swart mense regeer. Geen belasting, baie wilde diere, baie vis. Vroue doen al die werk. Medisyne van verniet. Swart man jag en vang vis heeldag. Saans seks, baie verskeidenheid."

Toe leun hy terug, glimlag en sê:

"Net wit man onnosel en dink hy kan op stelsel verbeter."

Noem dit 'n netwerk, clan of familie. Maak nie saak wat jy dit noem en wie of waar jy is nie, jy het een nodig.

- Jane Howard

## Stamboom

### Help ons familiesoekers

**ESTERHUYSE** danchrisvisser@gmail.com

Ek is Danie Visser en ek werk met al die stamlyne van die bogenoemde familie asseblief.

**FOUCHÉ** paul.fouche12@gmail.com

Oupa Paul Daniël Jacobus gebore 1887. Wil graag weet wie my oupagrootjie was. Ek is Pieter Johannes Barend Fouché getroud met Magdalena Viljoen.

**HAWKINS** elizabethvdm@lantic.net

My pa was Jan Jacobus Hawkins gebore 3 Mei 1897. Hy was getroud met Anna Christina Oberholzer, beide oorlede. Volgens oorlewering het my oupa van Ierland na Suid Afrika gekom en met Elizabeth Swart getrou.

**KRUGER** r.a.kruger@hotmail.com

Help asb met meer inligting oor die familie. My groot groot oupagrootjie was Douw Gerbrandt Kruger, gebore 16 Julie 1846. Geen inligting oorsy vrou nie. Oupagrootjie was Roelof Adriaan Kruger gebore 22/07/1866 oorlede 22/08/1963 en getroud met Comelia Elizabeth van Rooyen. Hulle het 4 kinders gehad. Oupa Douw Gerbrandt Kruger gebore 27/9/1919 oorlede in 1984. Getroud met Sarah Susanna Botha gebore 1921 oorlede 1994. Daar was 2 kinders uit die huwelik gebore. Vader Roelof Adriaan Kruger gebore 25/01/1946 oorlede 18/06/2013, getroud met Hermanus Antonie (Herma) De Vos. Sal enige inligting aangaande voorouers op prys stel.

**LOMBARD** qualidoc@lantic.net

Op soek na meer inligting oor Tobias Lombard gebore 1898 te Riversdal en getroud met Hester Petronella Pieterse. 'n Seun, Leonico, gebore 1944. Hulle het ook 'n dogter gehad wat op 18 oorlede is.

**LOUW** tonilouw barkhuysen@gmail.com

Jakobus Louw - Williston - 2004 Lena Louw - Welkom - 1996

**SMIT** 0845042500@vodamail.co.za

Frans Eduard Albertus Smit. Getroud met Johanna Magrietha Steenkamp. Ek wil weet wie my grootouers aan beide kante is. Getroud 4 September 1960

**SWART** pwals13@telkomsa.net

Stamnaam Willem Abraham in lewe van Ohrigstad Oos-transvaal.

**VORSTER** vorster.net@gmail.com

Amptelike Vorster-webbladsy by [www.vorster.net](http://www.vorster.net), vir inligting

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

XBT.COM



“

**Amper asof hy met homself praat beduie oom Vollie na sy linkerbors en sê: "So 'n klein seuntjie wat teen 'n klip staan en piepie."**

**Deur ERIK KAPP**

**D**is vroeggend in die kêffie en Oom Vollie van Niekerk en sy vrou, Tannie Katrien, stap in vir hul weeklikse aankope wat moet saamgaan plaas toe. Sommer met die inkomslag sien ek al daar is fout.

Tannie Katrien vaar kruppel-kruppel die rakke binne, sonder om eens te groet, maar oudergewoonte stap Oom Vollie darem na my lessenaar toe vir 'n oggendkoffie. Oom Vollie het 'n massiewe Rayban-donkerbril op sy gesig, een van daai oues wat die windgat vlieëners altyd dra.

Ek bestel koffie en waag dit om te vra: "Hoe dit met die operasie gegaan?"

"Operasie?" vra Oom Vollie effens in die war.

"Het Oom nie katarakke laat uithaal nie?" Uit ondervinding weet ek nou al dat as 'n oumens in die omgewing 'n donkerbril op het, beteken dit een van twee dinge: óf katterakke is verwyder, óf in meer ernstige gevalle, was daar dalk 'n lensoorplanting.

Dominee aanvaar nie meer katarakke af vir die gebedslys nie en daar was niks van 'n lensoorplanting vir Oom Vollie in die kerk se pamfletjie nie.

"Nee dis nie katarakke nie," sug Oom Vollie terwyl hy sy donkerbril afhaal. Oom Vollie is gemoer, erg gemoer. Die eenkant van sy gesig is in 'n bol geswel en die een oog is potblou.

Bokant sy wenkbrou is 'n pleister vasgeplak.

"Was Oom weer by 'n Angus manne-aand?" vra ek.

Die oom beduie nee, ek weet mos nou al hy mag nie weer na een toe gaan nie. Nee, dis iets heel anders. Hulle praat nie eintlik daarvoor nie, maar hy sal my maar vertel. Hy weet mos iets wat hy hier in die kêffie vertel, bly vertroulik en tref nie verdere ore nie.

Oom Vollie vertel:

Op haar ryke telling in lewensjare, kry die tannie toe mos gesondheidsprobleme. Vroumensgoeters, hy weet nie presies wat nie. Hulle behandel die ding toe met hormone. Spuit vir haar elke week in daar by die kliniek.

"Maar ek ken mos nou van hormone. Dit laat mens mos dinge vir gate soek en gate vir dinge soek wat mens nie voorheen gesoek het nie. In elk geval nie so erg nie. Maar die tannie se kop haak toe heel uit. Sy begin rokkies dra. Ai, die Vader weet, as daar net 'n ligte windjie waai, sien mens haar naeltjering."

"Naeltjering?" onderbreek ek die oubaas verbaas.

"En die tatoe ," sê oom Vollie.

"Tatoe?" ek is nou meer verbaas, dié ding klink erg.

Amper asof hy met homself praat beduie Oom Vollie na sy linkerbors en sê: "So 'n klein seuntjie wat teen 'n klip staan en piepie."

Oom Vollie vertel verder en dit klink meer of hy met selfberading besig is, as wat hy besig is om met my te praat. Ek kan sien die ding het kwaai aan die oom gevat

Waar en wanneer die tannie die tatoe laat opsit het, weet die oom nie, maar hy was darem by met die naeltjering. Met die borsvergroting het hy sy voet neergesit.

Die storie bereik toe sy hoogtepunt so twee aande terug. Waar die tannie die polisieboei gekry het, weet hy nie, maar toe hy weer sien sit hy op 'n



eetkamerstoel met sy hande agter sy rug vasgeboei. En die tannie dans. Op die eetkamertafel. Onaardig. Hormone moet 'n verskriklike ding wees.

Die nightie wat sy aanhet lyk soos daai slim koning in die storie se klere – net verbeelding hou dinge bedek. Alles skud en dril soos die tannie tekere gaan. Die klein seuntjie piepie die klip naderhand heel mis soos sy haar bates swaai, maar die tannie dans.

Die oom dink die tannie wou seker maar haar voet suggestief bo-oor sy kop swaai, maar die ouderdom en voete swaai loop mos nie altyd saam nie. Daai rooi hoëhakskoen tref hom so vol in die gesig dat sy hom heel omskop en dat hy en die stoel so saam dwars teen die kaggel gaan lê.

Die tannie self verloor ook haar balans en val haar desmoers van die eetkamertafel af.

Daar lê hulle toe. Die oom kan nie roer nie, want hy is geboei en die stoel is in die kaggel vasgehaak. Die tannie kan nie roer nie, want sy het te seer en die eetkamertafel is bo-op haar.

“En toe, Oom?” vra ek nuuskierig.

“Nee jong ons kom toe eers die volgende oggend daar los toe ou Solomon kom kyk wat van ons geword het. Hy wou toe dadelik bel, maar eksê toe vir hom geen polieste nie.

Solomon kry ons toe darem op 'n manier los en weer mobiel. Die boeie se ketting kon hy afsaag, maar nie die boeie self nie.”

“Het die polieste hulle toe darem vir Oom kon losgemaak?”

“Nee,” sê die oom met wanhoop in sy oë terwyl hy sy arms met die staal om sy polse na my toe uitstrek.

“Jy het nie dalk vir my 'n sleutel nie, het jy?”

**KAMMANUUS verskyn weer op 18 AUGUSTUS**